

22 Januarie

Skrifgedeelte: Levitikus 19

Fokusgedeelte: Levitikus 19:2 (OAV)

Leef heilig – in alles op die Here gerig!

Mense leef nie net verskillend nie, hulle lewens is ook verskillend gerig. Baie mense se gerigtheid is op aardse besittings, om net meer in te palm. Andere is gerig op plesier en liggaamlike genietinge. By die Israeliete was daar ook verskillende leefwyses. Baie van die verskille is afkomstig van die heidense Egipteland en ander omliggende lande.

Die sake wat in hierdie hoofstuk aangeraak word handel oor die twee tafels van die Wet, naamlik hoe jy jou teenoor God moet gedra, en hoe jy jou teenoor jou medemens moet gedra. Die Wet is ook bekend as die Verbondsboek. Nadat God die Israeliete uit Egipte verlos het, het God sy verbond met die volk op Sinaï met Moses bevestig. In vers 2 is daar nou 'n ernstige oproep van God op sy volk om heilig te leef. Heilig beteken om nie net van die sonde en alles wat vir God 'n gruwel is, weg te vlug nie, maar ook om nou in alles op die Here gerig en aan Hom toegewyd te wees. Hulle moet heilig leef, want God is heilig.

Aan hierdie oproep om heilig te lewe, word die feit verbind dat die HERE hulle uit Egipteland verlos het om sy volk te wees, en daarom bind Hy hulle deur hierdie voorskrifte in 'n unieke verhouding met Hom. Telkens in hierdie hoofstuk kom dit ook soos 'n refrein: "Ek is die HERE" of: "Ek is die HERE julle God." Omdat die HERE anders is, moet hulle nou ook anders leef. Die HERE is heilig jaloers (Eks 20:5). Daarom wil Hy alleen gedien word – volgens sy Wet en sy Woord.

Ons as Christene is deur die geloof in Christus ook besonderlik aan God verbind. Deur Christus se offerbloed aan die kruis is ons met ons hele liggaam en siel vrygekoop as sy eiendom. Verder word ons deur die kragtige werk van die Heilige Gees ook vernuut om heilig voor Hom te kan lewe. Ja, God is heilig en Hy maak heilig! Ons word ook hierdeur geroep om nou heilig te leef. Dit beteken ons moet anders leef as die ongelowige. Ons lewe is op God gerig en aan Hom toegewyd. Ons moet oppas om ons lewens nie te besoedel met wêreldse oortuigings en sedelose gewoontes wat vir God onaanvaar is nie.

Is jou lewe wel anders as die lewe van die ongelowige wêreldling? In Christus is ons verlos en deur die Heilige Gees word ons lewe op God gerig!!

Sing: Psalm 25:2 (1936)

Ds SA Cilliers (Waterberg)